

10

DIE EERSTE GEMEENTE

Ek het 'n tuiste

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders en ouers moet weet die kerk is altyd ons tuiste waar ons die liefde van die Here ervaar.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders en ouers moet weet –

- God gebruik hulle om sy Woord te verkondig.
- God gebruik hulle om sy liefde waar te laat word.
- God se kerk is hulle tuiste.
- dit is 'n voorreg om aan God se kerk te behoort.

Gesindheid

- Die kinders en ouers moet bereid wees om God se liefde te gaan ervaar.

Vaardigheid

- Die kinders en ouers moet deur liefde die kerk vir ander 'n tuiste laat word.

MEER INLIGTING (Handelinge 2: 43-47)

Met die koms van die Heilige Gees na die wêreld, het die Here mense opgeroep, toegerus en gawes gegee om vir Hom 'n kerk op aarde te wees. Die woordjie *kerk* beteken om deur die Here geroep te wees of om sy besitting, sy eiendom, te wees. Die eerste gemeente wat tot stand gekom het toe die apostels begin preek het, het gereeld bymekaar gekom. Hulle het mekaar elke dag by die tempel ontmoet, mekaar gehelp en bemoedig. Hulle het ook by mekaar se huise byeengekom om saam te eet en Nagmaal te vier. Almal het soveel kos gebring dat daar genoeg vir die armes was om huis toe te vat. Die gemeente het groter geword en hulle geloof sterker. Hierdie eerste gemeente was 'n baie besondere gemeente. Die mense was eensgesind, dit beteken hulle gesindheid van liefde en omgee vir mekaar en vir ander mense

was dieselfde. Hulle was selfs bereid om hulle grond en besittings te verkoop en die geld vir mense te gee wat nood gehad het.

Hierdie eerste gelowiges het met blydskap en dankbaarheid die boodskap van verlossing met ander mense gedeel. Met hulle lewe en woorde het hulle getuig dat hulle kinders van God is. Die gevolg daarvan was dat baie mense gelowig geword het en dat die gemeente gegroei het. Die gemeente was dus 'n plek waar mense veilig gevoel het, want God se kerk was hulle tuiste. Dit was vir hulle so 'n wonderlike voorreg om aan God se kerk te behoort dat hulle alles met ander gedeel het.

'n Ware gemeente van die Here gee om vir medegelowiges en het mekaar lief deur mekaar te versorg, te vertrou en aan te moedig. Ons is ook deel van 'n gemeente. Ons moet mekaar veilig laat voel deur om te gee en mekaar te versorg. Ons moet vir mekaar hoop gee deur vir mekaar te bid en mekaar te help. Ons moet ook ander mense buite die gemeente van Jesus vertel en vir hulle doen wat ons vir gemeentelude doen, sodat hulle ook deel van die gemeente wil word.

Al hierdie dinge word in die Nederduitsch Hervormde Kerk gedoen. Elke gemeente sorg dat die Here se Woord in die gemeente maar ook by ouetehuse en ander plekke verkondig word. Ons Kerk sien ook toe dat mense baie verder die Here se Woord hoor. Die **Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** sien toe dat mense van ander kulture opgelei word as predikante. Die **Christelike Seemansorganisasie (CSO)** versprei Bybels aan mense wat by ons hawens aandoen. Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** organiseer die vertaling van die Bybel in al die tale van ons land.

Ons gemeentes sien ook toe dat mense wat op enige manier swaarkry, versorg word. In die plaaslike gemeente word gesorg vir alle behoeftige mense. Dit is mense wat kos, klere, medisyne en baie ander dinge soos vertroosting en professionele hulp nodig het. Daar word ook omgesien na behoeftige mense in die gemeenskap se ouetehuse, kinderhuise, plakkerskampe, ensovoorts. Dan dra elke gemeente ook by vir die **Ondersteuningsraad**, wat professionele hulp verleen aan verwaarloosde kinders, mense met huweliksprobleme en baie ander. **To Care** bestaan uit ons Kerk se mense wat fondse insamel om mense in nood te versorg.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Die embleme van die **CSO, Bybelgenootskap, AIM** en **To Care**, en die betekenis van elk.

KOM ONS BEGIN

Begin deur vir die kinders te vertel dat God se huis vir ons 'n tuiste is. Lees Psalm 84: 1-5 in die Bybel.

*Hoe lief het ek u woning,
Here, Almagtige!
Ek versmag van verlange
na die tempel van die Here;*

*met alles wat ek is, wil ek jubel
oor die lewende God.
Selfs 'n mossie het 'n nes
en 'n swaeltjie 'n plek vir haar kleintjies
daar by u altare,
Here, Almagtige,
my Koning en my God!
Dit gaan goed met mense
vir wie u huis 'n tuiste is:
hulle hou nie op om U te prys nie. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

Laat die kinders kortliks vertel waarom die dominee gepreek het en hoe hulle die erediens beleef het. (Maak aantekeninge daarvan en gaan deel dit met die predikant.)

Vind uit of daar weer maats saamgekom het. Laat hulle tuis voel en nooi hulle uit om gereeld te kom.

Laat van die kinders die memoriseerteks opsê.

- Memoriseerteks: *Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.* (Hebreërs 10: 25)

Kontroleer of hulle die volgende feite onder die knie het:

- Hoekom moet ons kerk toe gaan en nie net alleen by die huis stiltetyd hou nie? *Die Here wil hê ons moet saam met ander mense kerk toe gaan om saam te bid, te sing, sonde te bely en saam te luister en om te sien na mekaar se nood.*
- Wanneer groet en seën die Here ons? *Met die votum en seëngroet groet en seën die Here ons.*
- Met wat leer die Here ons wat Hy wil hê ons moet doen? *Die wet leer ons wat die Here wil hê ons moet doen.*
- Op watter manier praat die Here met ons in die erediens? *Die Here praat met ons in die erediens deur die dominee wat Bybel lees en preek, en die wet of tien gebooie.*
- Op watter manier praat ons met die Here in die erediens? *Ons praat met die Here as ons bid, sing en belydenis doen.*
- Van wie moet ons vir ander mense vertel? *Ons moet vir ander mense van Jesus vertel.*
- Wie dien in die kerkraad? *Die predikant, ouderlinge en diakens dien in die kerkraad.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Die meeste van ons woon saam met ons ouers in 'n huis of 'n woonstel. Ons huis is ons tuiste en daar behoort ons veilig en beskerm te voel. As 'n gesin behoort ons bymekaar en is ons lojaal aan mekaar. Ons praat net mooi dinge van ons gesin. Deur 'n mens se optrede kan ander sien uit watter soort huis jy kom. (Gee geleentheid vir gesprek.)

Net soos in 'n gesin, behoort ons aan 'n gemeente. Ons gaan kerk toe waar ons hoor wat God vir ons wil sê. Dis 'n voorreg en 'n eer om aan 'n gemeente te behoort, en ons het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die gemeente. Dis lekker om te kan sê dat jy aan 'n gemeente behoort. Ons voel veilig omdat ons weet dat ons aan God behoort en dat ons weet dat God vir ons sal sorg. Wat kan ek en jy doen om ander mense ook veilig te laat voel? (Gesprek.)

Wat ander mense in ons sien, inspireer hulle om ook God se kinders te wil wees. God gebruik ons om deur ons voorbeeld en woorde ander te laat wens dat hulle ook God se kinders kan wees. Deur ons liefde wat ons aan ander bewys, kan die Kerk ook vir ander mense 'n tuiste word.

IETS INTERESSANT

Laat twee groepe kinders, byvoorbeeld seuns en dogters, die volgende gesprek voorlees.

Gesprek tussen groepe



Groep 1:

Ek wonder hoe dit in die ou dae by kerke gelyk het, en hoe die kerke ontstaan het.



Groep 2:

Met die koms van die Heilige Gees is mense geleer om te preek en hoe om 'n kerk op aarde te vestig. Hulle het Nagmaal gebruik en na mekaar omgesien. Die woord *kerk* beteken om geroep te wees of die Here s'n te wees. Ons behoort dus aan God en Hy versorg ons met sy Woord en materiële middele.



Groep 1:

Wie het gepreek?



Groep 2:

Die mense het gereeld somer by mekaar se huise bymekaar gekom en die apostels het gepreek. Hulle het ook saam geëet en dan Nagmaal gebruik, hulle was lief vir mekaar en het mekaar bemoedig en mekaar gehelp waar nodig. Hulle was eensgesind.



Groep 1:

Dis 'n moeilike woord! Wat beteken dit om eensgesind te wees?



Groep 2:

Dit beteken om vir mekaar om te gee. Mense het selfs hulle besittings verkoop om mekaar te help. In die Bybel lees ons op baie plekke dat ons ook ons medemens moet liefhê. Hierdie eerste gemeentes het met wat hulle sê en doen, bewys dat hulle God en hulle medemens liefhet.



Groep 1:

Die gemeentes het seker baie lidmate gehad?

**Groep 2:**

Omdat ander gesien het hoe goed die gemeente se mense vir mekaar was, wou dié wat nie aan 'n kerk behoort het nie ook deel word van hierdie gemeentes. Wanneer 'n mens aan iemand, veral aan God, behoort, voel jy veilig en beskerm. Die gelowiges het vir mekaar gebid en mekaar ook versorg, vertrous en bemoedig.

**Groep 1:**

Wat doen ons vandag om mense te help?

**Groep 2:**

Die Nederduitsch Hervormde Kerk sorg ook dat daar gepreek, huisbesoek gedoen en gekatkiseer word. Ons help ook huisgesinne in nood, en by skole, ouetehuse, kinderhuse en ander plekke waar daar nood is. Organisasies binne die gemeente help met kos, medisyne en ander behoeftes.

**Groep 1:**

Ons het dus regtig 'n baie belangrike plek in die samelewing!

**Groep 2:**

Ja, ons het ook die Bybelgenootskap wat sorg dat mense Bybels kry en dat die Woord van God oral versprei word. As ons al hierdie goed doen, is ons gehoorsaam aan die opdrag wat God gegee het om die evangelie te versprei en ander te help.

**Groep 1:**

Wat is die evangelie?

**Groep 2:**

Dit is die goeie nuus wat vertel word oor die Here Jesus. Hy is God se Seun wat vir ons die sonde en die dood oorwin het sodat ons nou God se kinders kan wees. Almal wat dit glo, is deel van God se kerk.

**Groep 1:**

Dankie, ek het nou baie geleer vandag. Ek wil graag deel word van so 'n goeie gemeente. Ons sal net elkeen 'n bydrae moet lewer.

IETS BELANGRIK

- Wat maak 'n huis 'n tuiste? (Gesels oor veilig, beskerm en lekker voel.)
- Hoe kan die kerk vir ons 'n tuiste wees? (Laat enkele kinders hulle mening lug na aanleiding van die gesprek tussen die twee groepe.)
- Wat kan 'n mens vir ander van die Here vertel? (Menings kan gelug word; laat almal wat wil, hulle mening gee.)
- Hoe bewys 'n mens die Here se liefde aan ander? (Gee kans vir menings maar hou die tyd dop.)

IETS OM TE DOEN

Lees MEER INLIGTING hierbo en praat oor die volgende organisasies en identifiseer die verskillende embleme.



BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende tuis gaan doen en leer.

DOEN

Laat hulle as gesin gaan uitvind hoe hulle gesin meer betrokke kan raak in die gemeente sodat die evangelie verkondig en mense in nood gehelp kan word. Wys waar hulle dit by EK HET GEDOEN EN KAN ONTHOU in Les 12 moet inskryf.

LEER

- Met die koms van die Heilige Gees is mense toegerus om vir God 'n kerk op aarde te wees.
- *Kerk* beteken om deur die Here geroep te wees.
- Die mense het in hulle huise bymekaar gekom en die apostels het hulle van die evangelie vertel.
- By die tempel het hulle mekaar moed ingespraak en mekaar gehelp.
- Omdat hulle mekaar liefgehad het, het hulle van hulle besittings verkoop om ander in nood by te staan.
- Hierdie gelowiges van die eerste gemeentes het met hulle woorde en daede bewys dat hulle kinders van God is.
- Daarom het ander mense tot bekering gekom, en so het die gemeentes gegroei.
- Die Nederduitsch Hervormde Kerk sorg vir gesinne, mense in ouetehuse en kinderhuise, en ander behoeftige mense.
- Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, vir wie ons geld gee, sorg dat mense Bybels kry.

AFSLUITING

Kom ons bid deur Psalm 84: 1 in die Liedboek saam te sing of te lees.

*Hoe lief het ek u woning, Heer.
Ek wil U in u tempel eer.
Ek smag na U met sterk verlange.
Met daardie mense gaan dit goed
wat in u tempel U ontmoet
en U daar prys met lofgesange.
Ek sal my lof met jubeling
aan U wat waarlik lewe, bring. Amen.*